



APRIL 2021



## Nota van die hoofbeampte

Welkom by die eerste nuusbrief van 2021. Hoewel 2020 'n moeilike jaar vir almal was, het dit ons beslis gewys dat die mense van Suid-Afrika baie sterker is as waarvoor ons onself krediet gee. Te midde van die pandemie het ons bo ons omstandighede uitgestyg en al die struikelblokke en uitdagings op ons pad deurstaan. Ons glo dat 2021 'n beter jaar vir almal van ons sal wees en dat ons sal aanhou om hierdie nuutgevonde krag in te span om ons lewens en die lewens van diegene rondom ons te verbeter.

As 'n fonds het ons geleer hoe belangrik dit is om aan te pas en buigsaam te wees sodat ons ons lede en pensioenarisse kan bly ondersteun, inlig en bemagtig. In hierdie dae is dit van deurslaggewende belang dat ons altyd en deurgaans in staat is om met u kontak te maak. U sou daarom verskeie versoeke gedurende 2020 van die Fonds ontvang het dat u u kontakbesonderhede moet bywerk, of aanvul. Dankie aan almal wat hieraan gehoor gegee het en ons gehelp het om ons rekords dienooreenkomstig by te werk. Indien u ons nog nie van al u jongste inligting voorsien het nie, doen dit asseblief so gou as moontlik.

Ons sal in 2021 verbind bly tot samewerking om te verseker dat u interaksie met die Fonds altyd eenvoudig en maklik is.

Lekker lees!  
Ilse Hartlief  
Hoofbeampte

## Algemene Jaarvergadering

Die Fonds sal sy eerste regstreekse virtuele Algemene Jaarvergadering (AJV) op 28 Mei 2021 om 09:00 hou. Die nasionale inperking het vereis dat ons almal ons werkswyses aanpas. Terselfdertyd het ons eerstehands ervaar wat die tegnologie vir ons moontlik maak. 'n Aanlyn AJV sal die tyd en koste van reise na Kaapstad om 'n vergadering by te woon, grootliks uitskakel. Dit sal ook soveel meer van ons pensioenarisse in staat stel om hulle by ons aan te sluit wanneer ons die jaar wat verby is in oënskou neem en ook die toekomsplan wat die Trustees in gedagte het, probeer verstaan. Ons hoop om u daar te sien!



## Bestaansertifikaat (Certificate of Existence)

As 'n pensioenaris wat tans 'n maandelikse inkomste van die Fonds ontvang, word van u verwag om elke jaar 'n Bestaansertifikaat (Certificate of Existence) te voltooi en in te dien. U sal u vooraf ingevulde BS saam met u Maart-betalstrokie ontvang. Maak asseblief seker dat al die inligting wat ons op rekord van u het, korrek is. Sodra u tevrede is daarmee, onderteken en sertifiseer asseblief die dokument en stuur dit soos aangedui voor 31 Augustus 2021 na die Fonds terug. Indien ons nie u ondertekende dokument voor die sperdatum ontvang nie, sal u pensioen ongelukkig in Oktober opgeskort word. Dit sal slegs weer uitbetaal word wanneer die vereiste dokumentasie ingedien is. Nie seker of die Fonds u BS ontvang het nie?

Kontak ons asseblief by 021 943 5305 en ons sal bevestig of u BS ontvang is of nie. Onthou asseblief dat u die sertifikaat na 021 917 4114 kan faks, of per e-pos kan stuur na [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za).

Het u u vorm verloor? U kan toegang hê tot die bestaansertifikaat op [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za) onder die pensioenarisafdeling van die webwerf.



## Verandering van besonderhede?

Moet asseblief nie vergeet om die LA Aftreefonds in te lig indien u adres, persoonlike inligting, of bankbesonderhede verander het nie. Indien u bankbesonderhede sou verander, stel die Fonds asseblief skriftelik in kennis voor die 10de van die maand sodat u pensioen daardie maand nog in die nuwe rekening inbetaal kan word. Enige kennisgewing wat ná die 10de van die maand ontvang word, sal eers die volgende maand geïmplementeer kan word.

Let ook daarop dat die Fonds se besluit om betaalstrookies eerder per e-pos as gewone pos te stuur, nog 'n rede is waarom ons u mees onlangse besonderhede op rekord moet hê. Dit is 'n goeie geleentheid vir u om ons te help om u betaalstrookies veilig en vinnig by u te kry. Sorg net dat ons 'n bygewerkte e-posadres van u het.

Indien u reeds u BS voltooi het, moenie bekommerd wees nie. Stuur eenvoudig 'n e-pos met u besonderhede/bygewerkte besonderhede en versoek aan ons by [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za).

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

## SUID-AFRIKA SE 2021-BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Die 2021-begrotingstoespraak gelewer op 24 Februarie 2021 deur die minister van finansies, Tito Mboweni, het belastingbetalers 'n sug van verligting laat slaak omdat geen beduidende belastingverhogings aangekondig is nie. Die belastingkerwe vir persoonlike belasting is met 5% verhoog, wat meer as inflasie is.

Die voorstelle is daarop gemik om seker te maak dat Suid-Afrika sy onmiddellike ekonomiese uitdagings, insluitend die uitwerking van COVID-19, bestuur terwyl die langtermyn-strukturele uitdagings waardeur die land in die gesig gestaar word, ook aandag kry.



**COVID-19**  
Entstofprogram oor  
volgende twee jaar -  
**R10 miljard**  
Gebeurtlikheid- reserwe  
**R12 miljard**

Verligting van  
**R2,2 miljard** persoonlike  
inkomstebelasting deur  
aanpassing van kerwe en  
kortings met meer as inflasie



### Annuitisering van Voorsorgfondse op 1 Maart 2021

**SONDEBELASTING**



**8% verhoging**  
van  
belasting op  
alkohol en  
tabak  
2021/22

Spiritueel

**R5.50**  
per 750ml  
bottel

Bier

**R0.14**  
per 340ml  
blik

Ongefortifiseerde  
wyn

**R0.26**  
per 750ml  
bottel

Gefortifiseerde  
wyn

**R0.44**  
per 750ml  
bottel

Siders

**R0.14**  
per 340ml  
blik

Sigarette

**R1.39**  
per pakkie  
van 20

Sigarettabak

**R1.57**  
per 50g

Pyptabak

**R0.47**  
per 25g

Sigare

**R7.71**  
per 23g

**HEFFINGS**



**Heffing op plastieksakke**  
verlaag na **12,5c** per  
biobasis-plastieksak,  
vanaf 'n datum wat later in die  
jaar bekendgemaak sal word.



Die **algemene brandstofheffing**  
sal op **7 April 2021** met **15c** per  
liter styg en die heffing vir die  
**padongelukkefonds** met **11c** per  
liter.

Dit beteken:

- die algemene brandstofheffing styg tot R3,85 per liter petrol en R3,70 per liter diesel
- die padongelukkefondsheffing styg tot R2,18 per liter vir beide petrol en diesel

Staatouderdomstoelae  
 Staatouderdomstoelae, ouer as 75  
 Toelae vir oorlogsveterane  
 Ongeskiktheidstoelae  
 Pleegsorgtoelae  
 Afhanklikesorgtoelae  
 Kindersorgtoelae

2020/21	R1 860
2021/22	R1 890
2020/21	R1 880
2021/22	R1 910
2020/21	R1 880
2021/22	R1 910
2020/21	R1 860
2021/22	R1 890
2020/21	R1 040
2021/22	R1 050
2020/21	R1 860
2021/22	R1 890
2020/21	R445
2021/22	R460

## VERANDERINGE WAT AFTREEFONDSE RAAK

Die regering en die Nasionale Ekonomiese Ontwikkeling- en Arbeidsraad (NEDLAC) het ooreengekom om met aftreehervorming waarvolgens alle aftreevoordele geharmoniseer word, insluitend dié van voorsorgfondse, voort te gaan. Die annuïteringsbestelle vir voorsorgfondse en voorsorgbewaringsfondse het op 1 Maart 2021 van krag geword. Hierdie verandering sal beteken dat lede wat met voorsorgfondse aftree, soos dié wat met pensioenfondse aftree, ten minste twee derdes van hul opgeboude kapitaal by aftrede in 'n annuïteit moet plaas. Hierdie verandering sal egter net op TOEKOMSTIGE bydraes, gemaak vanaf Maart 2021, van toepassing wees.

Vir alle aftreefondsinstrumente (pensioen-, voorsorg- en aftreeannuïteitsfondse) sal dieselfde belastingaftrekkings op bydraes (tot 27,5% van inkomste met 'n limiet van R350 000 per jaar is belastingaftrekbaar) geld, asook dieselfde belastingvrye beleggingsopbrengste en dieselfde voordele gedurende aftrede.

TEN SLOTTE



In die woorde van minister Mboweni:

*"Laastens, aan die miljoene Suid-Afrikaners wat enorme swaarkry en uitdagings moes trotseer en steeds daardeur in die gesig gestaar word: Ons vra julle om moed te skep, deur te druk en saam met ons te stap. Laat ons bowenal luister na die raad van aartsbiskop Tutu: Sien dat daar lig is ondanks al die donkerte. 'n Voorspoedige toekoms is moontlik vir ons pragtige land. Gloria est consequenda - Glorie moet gesog bly! Ek dank u."*

**Trustees:** Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Adjunk-voorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack, Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg, **Hoofbeampte** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark, Twist Straat, Bellville, 7530 • WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)  
 Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za • www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasie Nr.: 12/8/1278/2



**Trustees:** Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Adjunk-voorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack, Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg, **Hoofbeampte:** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark, Twist Straat, Bellville, 7530 • WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)  
 Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za • www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2

